Vraag 4: Taal in konteks

Gebruik die leesstuk: Haas red sy baas! om die vrae te beantwoord.

4.1 Onderstreep die **werkwoord** in die volgende sin.

Die bure het gereeld vir hom oorskiet slaai of koolblare gebring. (1)

4.2 Die **rangtelwoord** in die volgende sin is___ ? **Omkring** die regte antwoord.

*Downy se sensitiewe neusie het eerste die rook en vlamme geruik.*

a. sensitiewe
b. vlamme
c. eerste
d. geruik (1)

4.3 Geen 'n **antoniem** vir dankbare: ___________________________ (1)

4.4 Gee 'n **sinoniem** vir gou: _____________________________ (1)

4.5 Voltooi die tabel. (2)

| **Woord** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|
| haas | 4.5.1 | 4.5.2 |

4.6 Skryf die volgende sin in die **verlede tyd** begin jou sin met die woord in hakies.

Downy hardloop vinnig kamer toe. (Laas week)

______________________________________________________________ (1)

4.7 Skryf die volgende sin oor in die **toekomende tyd** begin jou sin met die woord in hakies.

Die joernalis skryf 'n berig oor Downy. (Môre)

______________________________________________________________ (1)

4.8 Vul in 'n korrekte **lidwoord** in die volgende sin.

_______ bure het opgehou om vir Downy te spot. (1)

4.9 Sê watter **tipe sin** die volgende sin is. Onderstreep die regte antwoord tussen hakies.

Is al die mense veilig? (vraagsin, stelsin, uitroepsin, bevelsin) (1)

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

4.10 Sê watter tipe **voornaamwoord** in die volgende sin gebruik is.
Gebruik die woorde in die blok om jou te help.

| | |
|---|---|
| Persoonlike voornaamwoord, | Besitlike voornaamwoord, |
| Aanwysende voornaamwoord, | Onpersoonlike voornaamwoord |

Downy het sy eienaar se lewe gered. ________________________________ (1)

4.11 Skryf die volgende woord in **lettergrepe** en **sê of dit oop of geslote** is.

**wollerige**: ________________________________ (1)

4.12 Gee die **intensiewe vorm** van **vinnig**: ________________________ (1)

4.13 Voltooi die **trappe van vergelyking** van: (1)

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| **oulik** | | **oulikste** |

4.14 **Onderstreep** die korrekte antwoord in hakies.
Die woord **bure** is 'n voorbeeld van 'n (versamelnaam / ontelbare naamwoord). (1)

Totaal vraag 4:15

TOM NEWBY SCHOOL

LIVEWORKSHEETS